education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2007

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en 'n antwoordeboek van 21 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Jy word van 'n vraestel en 'n antwoordeboek voorsien.

2. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE verpligte vrae. Beantwoord AL die vrae.

3. Gebruik die formaat wat voorsien word om die vrae te beantwoord.

4. Bewerkings moet getoon word om deelpunte te verdien.

5. Jy moet poog om by die voorgestelde tye te hou.

6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

7. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

GRAAD 11
REKENINGKUNDE
NOVEMBER 2007

VRAAG 1: 35 punte; 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Bankversoening	LU1 Finansiële inligting ▪ AS4 Bankversoening LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS5 Identifiseer en ontleed etiese gedrag

VRAAG 2: 40 punte; 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Kontantbegroting	LU2 Bestuursrekeningkunde ▪ AS3 Stel kontantbegroting op LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS4 Identifiseer en ontleed etiese gedrag

VRAAG 3: 60 punte; 40 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Vennootskappe: Finansiële state	LU1 Finansiële inligting ▪ AS5 Finansiële state – vennootskappe LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS3 Bateverkope

VRAAG 4: 45 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Vennootskappe: Ontleding en vertolking	LU1 Finansiële inligting ▪ AS5 Ontleding en vertolking van finansiële state van vennootskappe LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS5 Identifiseer en ontleed etiese gedrag

VRAAG 5: 45 punte; 30 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Vervaardigingsrekeninge	LU2 Bestuursrekeningkunde ▪ AS2 Toepassing van kostebeginsels in vervaardigingsomgewing en boek oor na grootboek ▪ AS2 Eenheidskoste en gelykbreekpunt LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS5 Identifiseer en ontleed etiese gedrag

VRAAG 6: 30 punte; 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
Sportklubs	LU1 Finansiële inligting ▪ AS2 Gekeurde grootboekrekeninge LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS5 Identifiseer en ontleed etiese gedrag ▪ AS6 Interne oudit/kontroleprosesse

VRAAG 7: 45 punte; 20 minute	
Die onderwerp van die vraag is:	**Die leeruitkomste gedek is:**
BTW, periodieke voorraad en interne oudit	LU1 Finansiële inligting ▪ AS7 BTW-berekeninge LU3 Bestuur van hulpbronne ▪ AS4 Periodieke voorraadstelsel ▪ AS6 Interne oudit/kontroleprosesse

VRAAG 1 BANKVERSOENING (35 punte; 20 minute)

Bravo Handelaars verkoop goedere vir kontant en aanvaar kredietkaarte. Op 31 Mei 2007 het Bravo Handelaars die Bankstaat van Safe Bank vir Mei 2007 met die Bankversoeningstaat op 30 April 2007 vergelyk, sowel as met die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal vir Mei 2007.

GEVRA:

Bestudeer die inligting voorsien en beantwoord die vrae wat volg.

INLIGTING:

Die volgende inligting het in die Bankversoeningstaat van Bravo Handelaars op 30 April 2007 verskyn:

Kredietsaldo soos op Bankstaat	R10 911
Uitstaande deposito gedateer 29 April 2007	R1 500
Uitstaande tjeks:	
No. 597 gedateer 22 November 2006	R600
No. 686 gedateer 18 April 2007	R7 250
No. 721 gedateer 15 Junie 2007	R2 800
Debietsaldo soos in die bankrekening in die grootboek	R1 761

Die vergelyking van die Bankstaat vir Mei 2007 met die Bankversoeningstaat en die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Mei 2007 openbaar die volgende verskille:

Item 1 Die Bankstaat reflekteer 'n ongunstige saldo van R1 550 op 31 Mei 2007.

Item 2 Die uitstaande deposito van R1 500 het op die Bankstaat vir Mei 2007 verskyn.

Item 3 Tjek no. 597 vir R600 is verouderd. Dit is aan die Rooikruis-Hospitaal as 'n donasie uitgereik. Tjek no. 753 is op 31 Mei 2007 uitgereik om die donasie te vervang, maar die donasie is met R400 vermeerder. Hierdie tjek is nog nie in die boeke aangeteken nie en is in die pos.

Item 4 Tjek no. 686 vir R7 250 het op die Bankstaat verskyn, maar nie in die joernale vir Mei 2007 nie.

Item 5 Tjek no. 760 vir R3 245 het in die Kontantbetalingsjoernaal verskyn, maar nie op die Bankstaat nie.

Kopiereg voorbehou

Item 6 Die Bankstaat reflekteer 'n geweierde tjek vir R720. Dit is oorspronklik van R Rod ter vereffening van sy skuld van R750 ontvang.

Item 7 Die Bankstaat reflekteer 'n maandelikse aftrekorder wat die maandelikse terugbetaling op 'n lening van Alfa Bank vir R2 500 verteenwoordig.

Item 8 Die Bankstaat wat van Safe Bank ontvang is, reflekteer 'n bedrag van R3 120 vir bankkoste.

Item 9 Die Bankstaat reflekteer rente op 'n vaste deposito van R1 340 wat direk in die privaatrekening van die besigheid gedeponeer is.

Item 10 'n Deposito van R5 700 het in die KOJ op 31 Mei 2007 verskyn, maar nie in die Bankstaat nie.

VRAE:

1.1 Oorweeg die bostaande items. Dui aan, deur middel van 'n kruisie (X) in die tabel wat in die antwoordeboek voorsien word, of hierdie items ingeskryf sal word in die:

- Kontantontvangstejoernaal (KOJ)
- Kontantbetalingsjoernaal (KBJ)

of dui aan indien daar geen inskrywing in die joernale sal wees wanneer die Kontantjoernale met die Bankstaat gerekonsilieer word nie. Voorsien ook die TWEE ontbrekende bedrae.

Item 1 is as 'n voorbeeld vir jou voltooi. (12)

1.2 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2007 op. (14)

1.3 Bravo Handelaars betaal R3 120 vir bankkoste aan Safe Bank in Mei 2007.

Die eienaar, Wayne Bravo, het die volgende spotprent in 'n koerant raakgesien wat sy aandag op die probleem van hoë bankkoste in Suid-Afrika gevestig het.



Dit is hoog tyd dat bankkoste noukeurig bekyk word

Wayne Bravo het ook die volgende koerantartikel raakgesien. Drie paragrawe is vir jou aangehaal.

Verbruikers sal uit 'n ondersoek na bankkoste voordeel trek
Besigheidsverslag: 21 April 2006, gebaseer op 'n artikel deur Ethel Hazelhurst

Johannesburg – Bankwese is 'n fasiliteit wat baie mense nie van hou om te betaal nie en banke word dikwels deur hul kliënte gekritiseer, daarom sal nuus dat die kompetisiekommissie 'n openbare ondersoek na bankkoste sal doen, verwelkom word.

Soos enige ander besigheid is banke daarop geregtig om winste te maksimeer en dit kan wees dat plaaslike banke beter presteer omdat hulle meer bekwaam is as hulle internasionale mededingers.

Die grootste slagoffers is diegene wat dit nie kan bekostig om te bank nie. Mense wat klein, ongereelde bedrae verdien, kan nie fooie wat op banktransaksies gehef word, betaal nie. Dit sluit miljoene mense uit van deelname aan besigheidsaktiwiteite.

1.3.1 Kan bankkliënte in hierdie land met reg oor bankkoste kla? Verduidelik kortliks in jou eie woorde. (3)

1.3.2 Indien jy die bestuurder van Safe Bank was, hoe sou jy die bankkoste van R3 120 wat in Mei op Bravo Handelaars gehef is, regverdig? Noem DRIE punte. (6)

35

LOS HIERDIE BLADSY BLANKO

VRAAG 2 KONTANTBEGROTING (40 punte: 20 minute)

Jy word voorsien van inligting in verband met Bronx Handelaars, 'n besigheid waarvan Brenda Bronx die eienaar is. Die besigheid koop en verkoop handsakke teen kosprys plus 80%.

GEVRA:

Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

INLIGTING:

1.

Syfers uit die boeke aangehaal:	**Werklik**		**Begroot**	
	Sept.	**Okt.**	**Nov.**	**Des.**
Verkope	81 000	68 400	73 800	64 800
Aankope	45 000	38 000		
Salarisse (een bestuurder)	9 500	9 500		
Lone (twee winkelassistente)	10 000	10 000		

2. Alle aankope is op krediet en word 30 dae nadat dit gemaak is, betaal min 5%-korting. Voorrade word konstant gehou deur goedere te vervang soos dit verkoop word.

3. 25% van alle verkope is vir kontant en 75% is op krediet. Na verwagting sal debiteure hulle rekeninge soos volg vereffen:
   - 60% sal in die maand na die maand van die transaksie vereffen word
   - 36% sal in die tweede maand na die maand van die transaksie vereffen word
   - 4% sal afgeskryf word

4. Bedryfskoste beloop jaarliks R66 000 en word in gelyke maandelikse betalings betaal.

5. 'n Lening van R60 000 sal op 30 November 2007 ontvang word. Dit sal in gelyke maandelikse betalings oor 4 jaar terugbetaal word, met ingang van 31 Desember 2007. Rente van 11% is elke jaar in Oktober betaalbaar.

6. Nuwe toerusting ter waarde van R55 000 sal gedurende Desember 2007 vir kontant aangekoop word.

7. Water en elektrisiteit beloop R2 000 per maand en daar word verwag dat dit in Desember 2007 met R200 sal styg.

8. Salarisse en lone word jaarliks op 30 November hersien. Die bestuurder se salaris sal met ingang van 1 Desember 2007 met 8% verhoog word. As gevolg van die swak kontantvloei voel Brenda dat sy dit nie kan bekostig om die winkelassistente ook 'n verhoging te gee nie.

9. Die eienaar beplan 'n oorsese reis in Desember en sal dus R30 000 onttrek. Dit beloop R10 000 meer as haar gewone maandelikse onttrekkings.

10. Die Bankrekening het op 31 Oktober 2007 'n gunstige saldo van R23 500 getoon.

VRAE:

2.1 Bereken die volgende:

2.1.1 Invorderings van debiteure vir Desember 2007
2.1.2 Betalings aan krediteure vir Desember 2007 (10)

2.2 Voltooi die Kontantbegroting vir die periode 1 November tot 31 Desember 2007. (21)

2.3 Die winkelassistente voel dat hulle onregverdig behandel word omdat hulle nie 'n loonverhoging ontvang nie. Noem TWEE punte uit die bogenoemde inligting om hulle standpunt te ondersteun. (4)

2.4 Jy is 'n bankbestuurder in beheer van die goedkeuring van lenings. Brenda Bronx voorsien jou van haar besigheid se Kontantbegroting. Sal jy 'n lening van R100 000 aan haar toestaan? Noem TWEE punte wat jy in aanmerking sal neem as jy jou besluit neem. (5)

40

VRAAG 3 VENNOOTSKAPPE: FINANSIËLE STATE (60 punte; 40 minute)

Die finansiële jaar van Fly-Fish Winkels (vennote S Fly en G Fish), 'n algemene handelaar in visvangtoerusting, eindig jaarliks op 28 Februarie 2007.

GEVRA:

Gebruik die inligting hieronder om die volgende vrae te beantwoord:

3.1 Bereken die wins of verlies op die verkoop van die voertuig. (Sien Addisionele Inligting nommer 6.) (5)

3.2 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007 op. (44)

3.3 Stel die nota tot die Balansstaat met betrekking tot die Privaatrekening van Fly vir 28 Februarie 2007 op. (Fish is vir jou gedoen. 'n Totaalkolom word nie verlang nie.) (11)

S FLY EN G FISH DRYF HANDEL AS FLY-FISH WINKELS
UITTREKSEL VAN VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP
28 FEBRUARIE 2007

Balansstaatrekeninge-afdeling	**Debiet**	**Krediet**
Kapitaal: S Fly (28 Februarie 2007)		375 000
Kapitaal: G Fish (28 Februarie 2007)		375 000
Privaatrekening: S Fly (1 Maart 2006)	12 600	
Privaatrekening: G Fish (1 Maart 2006)		30 200
Onttrekkings: S Fly	25 100	
Onttrekkings: G Fish	2 000	
Grond en geboue	1 200 000	
Verbandlening		410 000
Voertuie (twee identiese voertuie van R130 000 elk)	260 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie – 1 Maart 2006		156 000
Toerusting	90 000	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting – 1 Maart 2006		30 100
Handelsvoorraad	82 000	
Debiteurekontrole	43 100	
Voorsiening vir oninbare skulde		2 155
Vaste deposito's	45 200	
Nominalerekeninge-afdeling		
Verkope		1 216 300
Koste van verkope	668 000	
Debiteureafslag	14 300	
Verpakkingsmateriaal	22 900	
Oninbare skulde	4 000	
Rente op vaste deposito		4 000
Huurinkomste		51 000
Salarisse en lone	99 750	
Versekering	25 200	
Diverse uitgawes	?	

Addisionele inligting:

1. Die volgende voorrade was volgens 'n fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2007 voorhande:

   - Handelsvoorraad R80 900
   - Verpakkingsmateriaal R 2 400

2. Daar is besluit om die skuld van J Trout van R350 as oninbaar af te skryf.

3. Pas die voorsiening vir oninbare skulde na 6% van uitstaande debiteure aan.

4. Die versekering vir Maart en April 2007 is vooruit betaal.

5. Waardevermindering op toerusting bedra R5 990 vir die jaar.

6. Waardevermindering op voertuie moet teen 20% p.j. volgens die vaste-paaiementmetode afgeskryf word. Let daarop dat die besigheid een van die twee identiese voertuie op 30 November 2006 verkoop het. Die verkoopprys van R40 000 is foutief na verkope gekrediteer.

7. Een van die vaste deposito's het op 28 Februarie 2006 verval. 'n Bedrag van R64 800 is van die bank ontvang, insluitende rente van 8% p.j. vir die finansiële jaar. Die volle bedrag is foutief na die Vastedepositorekening gekrediteer. Dit moet reggestel word.

8. Die verbandleningstate vir die jaar reflekteer die volgende:

   - Saldo van verband aan begin van jaar R490 000
   - Saldo van verband aan einde van jaar R410 000
   - Maandelikse terugbetalings (12 x R11 920) R143 040
   - Rente vir die jaar is nie in die boeke aangeteken nie

9. Die huurder het vir slegs tien maande huur betaal. Hy het Fly-Fish Winkels egter ingelig dat hy persoonlik R12 000 vir herstelwerk aan die dak betaal het. Hierdie bedrag moet teen die uitstaande en toekomstige huurbedrae afgeskryf word.

10. Die bedryfswins op verkope is 28%.

11. Die vennootskapooreenkoms maak voorsiening vir die volgende:

    11.1 Vennote is geregtig op rente op kapitaal teen 7% p.j.
    S Fly het sy kapitaal met R25 000 op 1 September 2006 verhoog. Dit is korrek aangeteken.

    11.2 Die vennote ontvang onderskeidelik die volgende maandelikse salarisse:

    - S Fly, R10 400
    - G Fish, R12 000

    11.3 Die oorblywende winste word tussen Fly en Fish onderskeidelik in die verhouding 3:2 verdeel.

60

VRAAG 4 VENNOOTSKAPPE: ONTLEDING EN VERTOLKING

(45 punte; 30 minute)

Jy word voorsien van inligting verkry uit die finansiële state van NZ Handelaars. Die besigheid word deur twee vennote, Nkosi en Zama, besit.

GEVRA:

Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

INLIGTING:

Uittreksel uit die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007, met vergelykende syfers:

	2007 R	**2006 R**
Verkope	745 500	630 800
Koste van verkope	426 000	380 000

Uittreksel uit die Verdelingstaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007:

- Netto wins vir die jaar, R152 000
- Totale bedrag deur Nkosi verdien, R103 000
- Totale bedrag deur Zama verdien, R49 000

Uittreksel uit die Balansstaat op 28 Februarie 2007, met vergelykende syfers:

	2007 R	**2006 R**
Vaste bates (drawaarde)	381 790	336 950
Beleggings (9% p.j.)	140 000	30 000
Bedryfsbates	113 560	121 050
TOTALE BATES	635 350	488 000
Eienaarsbelang	473 710	326 150
Kapitaal: Nkosi	275 000	200 000
Kapitaal: Zama	200 000	125 000
Privaatrekening: Nkosi	(dt.) 24 690	(kt.) 2 350
Privaatrekening: Zama	(kt.) 23 400	(dt.) 1 200
Nie-bedryfslaste (13% p.j.)	94 840	114 000
Bedryfslaste	66 800	48 420
TOTALE EKWITEIT EN LASTE	635 350	488 570

Finansiële aanwysers bereken op 28 Februarie 2007, met vergelykende syfers:

	2007	**2006**
Bruto wins op koste van verkope	75,0%	65,0%
Bedryfsuitgawes op verkope	21,0%	21,2%
Bedryfswins op verkope	21,8%	19,5%
Netto wins op verkope	?	17,2%
Bedryfskapitaalverhouding	?	2,5:1
Vuurproefverhouding	0,6:1	0,8:1
Voorraadomsetsnelheid	6 keer	4,5 keer
Debiteure-invorderingstermyn	30 dae	45 dae
Krediteure-betalingstermyn	60 dae	60 dae
Skuld/Eienaarsbelangverhouding	?	0,35:1
Totale bates tot totale laste	3,9:1	3,0:1
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	32,8%	30,5%
% opbrengs op gemiddelde ekwiteit	38,0%	33,2%
% opbrengs verdien deur Nkosi	?	34,4%
% opbrengs verdien deur Zama	28,2%	33,0%

4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2007:

4.1.1 Persentasie netto wins op verkope (3)
4.1.2 Bedryfskapitaalverhouding (3)
4.1.3 Skuld/Eienaarsbelangverhouding (3)
4.1.4 Persentasie opbrengs deur Nkosi op sy gemiddelde eienaarsbelang verdien (4)

4.2 Gebruik die vuurproefverhouding om die bedrag van handelsvoorraad voorhande op 28 Februarie 2007 te bereken. (4)

4.3 Behoort die vennote tevrede te wees met die beheer oor die bedryfsuitgawes? Verduidelik jou antwoord kortliks. Haal verhoudings, persentasies of bedrae aan om jou antwoord te staaf. (3)

4.4 Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie van die besigheid op 28 Februarie 2007. Haal verhoudings, persentasies of bedrae aan om jou kommentaar te staaf. Noem DRIE punte in jou antwoord. (9)

4.5 Zama is van mening dat Nkosi se onttrekkings onredelik is. Haal syfers aan om sy mening te staaf. Hoe beïnvloed dit die besigheid? (4)

4.6 Lewer kommentaar op die persentasie opbrengs deur die besigheid en die vennote verdien. Haal verhoudings, persentasies of bedrae aan om jou antwoord te staaf. Noem DRIE punte in jou antwoord. (9)

4.7 Die besigheid benodig dringend 'n afleweringsvoertuig wat ongeveer R300 000 sal kos. Na jou mening, hoe moet die besigheid die koste van die voertuig finansier? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

45

VRAAG 5 VERVAARDIGINGSREKENINGE (45 punte; 30 minute)

5.1 Roger Vervaardigers vervaardig 'n reeks pette vir sportmanne en toeskouers. Die pette word teen 'n winsopslag van 50% op kosprys verkoop. Die inligting hieronder is geneem uit die rekeningkundige rekords op 28 Februarie 2007, die einde van die finansiële jaar.

GEVRA:

Beantwoord die volgende vrae. Balanseer/Sluit die rekeninge af op 28 Februarie 2007.

5.1.1 Bereken die bedrag vir grondstowwe uitgereik vir produksie in 2007. (4)

5.1.2 Stel die Klaarproduktevoorraadgrootboekrekening op. (6)

5.1.3 Stel die Fabrieksbokostegrootboekrekening op. (11)

5.1.4 Stel die Goedere-in-bewerking-voorraadgrootboekrekening op. (10)

INLIGTING:

Saldo's	**1 Mrt. 2006**	**28 Feb. 2007**
Grondstowwevoorraad	R66 000	64 720
Goedere-in-bewerking-voorraad	46 820	?
Klaarproduktevoorraad	34 000	18 000

Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 28 Februarie 2007

Grondstowwe:	
Op krediet gekoop	490 720
Uitgereik vir produksie	?
Lone:	
Direkte arbeid	124 180
Indirekte arbeid	42 100
Salarisse:	
Fabrieksbestuurder	114 000
Kantoorpersoneel	81 200
Oninbare skulde	4 800
Water en elektrisiteit	26 200
Huuruitgawes	90 400
Indirekte materiaal in die fabriek gebruik gedurende die jaar	22 770
Diverse fabrieksuitgawes	26 310
Verkope: Klaarprodukte (koste van verkope was R900 000)	1 350 000

Addisionele inligting:

1. Lone van R1 200 is aan die fabriekskoonmaker verskuldig aan die einde van Februarie.

2. Grondstowwe word slegs op krediet gekoop.

3. Uitgawes verskuldig ten opsigte van water en elektrisiteit moet onderskeidelik tussen die fabriek en die administratiewe afdelings in die verhouding 3:1 verdeel word.

4. Huuruitgawes moet tussen die fabriek en administratiewe afdelings ooreenkomstig die vloeroppervlakte verdeel word.

Fabriekvloerspasie	140 m²
Kantoorvloerspasie	25 m²
Verkoopsafdelingvloerspasie	35 m²
Totale vloerspasie	200 m²

5.2 Jy word voorsien van die volgende inligting bereken vir Carol se Kers-vervaardigers aan die einde van haar eerste jaar se bedrywighede, 31 Desember 2006. Geen voorraad was voorhande aan die begin of einde van die finansiële tydperk nie.

Carol het 2 000 kerse gedurende die jaar vervaardig en verkoop. Die verkoopprys is R25,60 per kers. Haar koste vir die jaar was soos volg:

KOSTE VIR 2 000 KERSE VERVAARDIG

	Totaal	**Per eenheid**
Veranderlike koste	R27 000	R13,50
Grondstowwekoste	10 400	5,20
Direkte arbeidskoste	?	6,80
Verkoop- en verspreidingskoste	?	1,50
Vaste koste	R13 000	?
Fabrieksbokoste	8 000	?
Administratiewe koste	5 000	?
Totale koste	R40 000	R20,00

GEVRA:

5.2.1 Bereken die volgende:

(a) Die totale randbedrag vir direkte arbeidskoste (2)
(b) Fabrieksbokoste per eenheid (2)

5.2.2 Hoeveel kerse moet Carol vervaardig om gelyk te breek (dit wil sê om geen wins of verlies te maak nie)? (6)

5.2.3 KZN Verskaffers het die afgelope tien jaar grondstowwe aan Carol verskaf. Carol is deur 'n nuwe verskaffer genader wat waarborg dat sy 25% op die koste van grondstowwe kan bespaar. Bespreek TWEE faktore wat Carol sal moet oorweeg voordat sy van verskaffer verander. (4)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6 SPORTKLUBS (30 punte; 20 minute)

Jy word voorsien van inligting rakende Energieke Tennisklub.

GEVRA:

Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.

INLIGTING:

Die ledegeldbesonderhede van die klub is soos volg:

1. Die jaarlikse ledegeld vir 2006 was R1 600. Dit het met R400 met ingang van 1 Januarie 2007 gestyg.
2. Aantal lede in die klub op 1 Januarie 2007: 115.
3. Aantal nuwe lede aangesluit op 1 Januarie 2007: 3.
4. Aantal lede wat bedank het op 30 Junie 2007: 5. (Hierdie lede se ledegeld was ten volle betaal en die helfte van hulle geld is terugbetaal.)
5. Vier lede wie se ledegeld vir 2006 agterstallig was, het hulle agterstallige geld gedurende 2007 betaal. Die res van die lede wie se geld steeds uitstaande was, moet van die register verwyder word en met ingang van 1 Januarie 2007 afgeskryf word.

Ledegeld

2007 Jan.	1	**(a)**	28 800	2007 Jan.	1	Vooruitontvange inkomste	**?**
	31	**(b)**	8 000		31	**(c)**	172 200
		Bank	5 000			Opgelope inkomste	42 000
		Inkomste en uitgawe	**(e)**			Ledegeld afgeskryf	**(d)**
						Honorarium	4 000
			?				**?**

VRAE:

6.1 Verskaf die ontbrekende besonderhede in die rekening wat deur (a), (b) en (c) verteenwoordig word. (6)

6.2 Verskaf 'n verduideliking vir die inskrywing van R4 000 aan die kredietkant van die rekening. (2)

6.3 Bereken die volgende:

6.3.1 Die aantal lede wat nie hulle 2006-fooie in 2006 vereffen het nie

6.3.2 Die aantal lede wat van die register verwyder is gedurende 2007 omdat hulle nie hul uitstaande fooie betaal het nie

6.3.3 Die aantal lede in die klub op 31 Desember 2007 (7)

6.4 Verskaf die ontbrekende syfers in die rekening wat deur (d) en (e) verteenwoordig word. (7)

6.5 Die klub se voorsitter meen daar is 'n probleem met die invordering van fooie.

6.5.1 Noem TWEE punte wat sy mening ondersteun en haal toepaslike syfers aan.

6.5.2 Maak TWEE voorstelle om die probleem op te los. (8)

30

VRAAG 7 BTW, PERIODIEKE VOORRAAD EN INTERNE OUDIT

(45 punte: 20 minute)

Voorkeur Supermark gebruik te alle tye 'n winsopslag van 33⅓% op kosprys. Hulle gebruik die deurlopende voorraadstelsel in die meeste van hulle produkreekse, maar hulle gebruik die periodieke voorraadstelsel in die vrugte-en-groente-afdeling.

7.1 Die besigheid koop stortgel by die vervaardiger teen R27,00 elk.

GEVRA:

7.1.1 Bereken die verkoopprys van die stortgel, BTW uitgesluit. (3)

7.1.2 Bereken die bedrag BTW wat die besigheid op hierdie artikel moet hef. (3)

7.1.3 Bereken die bedrag wat op die prysetiket van die artikel sal verskyn wanneer dit in die winkel uitgestal word. (3)

7.2 Die totale verkope ooreenkomstig die kontantregisterrol vir die jaar het op R2 311 800 te staan gekom. Dit sluit nulkoersartikels in wat vir R905 610 verkoop is.

GEVRA:

7.2.1 Gee TWEE voorbeelde van nulkoersartikels. (2)

7.2.2 Verduidelik waarom die items in VRAAG 7.2.1 as nulkoers belas word. (2)

7.2.3 Bereken die totale BTW wat in die jaar se verkoopbedrag ingesluit is. (6)

7.3 Jy is die interne ouditeur van Voorkeur Supermark.

GEVRA:

7.3.1 Gee 'n kort verduideliking van die aard van jou werk. (3)

7.3.2 Verduidelik kortliks TWEE probleme wat in 'n besigheid ten opsigte van BTW kan opduik. (4)

7.4 Jy word bewus gemaak van 'n probleem in die vrugte-en-groente-afdeling. Klante wat ongelukkig met die produkte was, moes terugbetaal word.

Die besturende direkteur wil nie met sulke probleme sukkel nie en oorweeg dit om dié afdeling te sluit.

As interne ouditeur is jy daarvan oortuig dat geen winkeldiefstal plaasgevind het nie.

Die volgende syfers is aan jou verskaf ten opsigte van die vrugte-en-groente-afdeling vir die jaar:

Verkope min terugbetalings aan klante	R797 000
Voorraad aan die begin van die jaar	R 14 000
Voorraad aan die einde van die jaar	R 8 000
Aankope	R624 000
Verkooppryse op prysetikette word teen 'n winsopslag van 33⅓% op kosprys opgemerk.	

GEVRA:

7.4.1 Verduidelik kortliks EEN hoofverskil tussen die deurlopende en periodieke voorraadstelsels. (2)

7.4.2 Bereken die volgende vir die vrugte-en-groente-afdeling:

(a) Koste van verkope (4)
(b) Bruto wins (of bruto verlies) deur die afdeling verdien (3)
(c) Die bedrag terugbetaal aan ontevrede klante (5)

7.4.3 Die besturende direkteur van die besigheid het jou vir advies genader. Na jou mening, moet hy dié afdeling toemaak? Bespreek TWEE punte wat jou mening ondersteun. (5)

45

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou